HOËRSKOOL JAN VAN RIEBEECK
— WEES JOUSELF —
Kloofstraat 129, Tuine, Kaapstad | Tel: +27 21 423 6347 | Faks: +27 21 424 5520

10 Maart 2023

**GRAADKAMPE IN 2023 (Graad 12)**

Beste Ouers/Voogde

Die kwartaal is volstoom aan die gang en die graadkampe kom al nader. Ons sien baie uit na hierdie verrykingsgeleentheid vir ons leerders en daar is 'n paar belangrike reëlings wat nou getref moet word.

Die koste per leerder beloop **R600** en verskeie betaalopsies is al vanaf 2022 op Karri gelaai. U kan 'n eenmalige betaling maak of kleiner betalings oor die laaste paar maande gemaak het. Alle betalings moet asseblief teen Maandag, 20 Maart 2023 gefinaliseer wees. Indien u probleme ervaar met die betalingsopsies, kontak asseblief u betrokke graadhoofde.

Graad 12:

**Datum:** 30 – 31 Maart 2023
**Vertrek:** 7:00 (Donderdagoggend)
**Terug by skool:** 10:30 (Vrydag)
**Koste:** R 600 (dit sluit nie vervoer in nie)
**Plek:** Noorhoek Kampterrein, Village-Steeg

Die volgende onderwysers sal die grade vergesel:

*Graad 12*
1. Me. H. Steyn
2. Mnr. P. Rademeyer
3. Me. R.J van Vuuren
4. Me. L. Turkstra
5. Me. L. van der Walt
6. Me. L. Serrao

Aangeheg vind die volgende dokumente en afskeurstrokies:

- Toestemming vir leerder om kamp by te woon
- Vrywaringsvorms (WKOD & True North)
- Mediese inligting

- Vervoeropsies wat u kind gaan gebruik
- 'n Lys van alles wat u kind moet inpak

Vul asseblief die aangehegte vorms in en stuur dit teen Woensdag, 15 Maart 2023, terug skool toe saam met u kind.

Vriendelike groete

Pieter Rademeyer
*Skoolhoof*

Huibrecht Steyn
*Gr. 12 Graadhoof*

---

**BYWONINGS TOESTEMMING**

Ek, ___________________________________ouer/voog van___________________________ in graad _________ erken ontvangs van die brief in verband met die graadkampe (30 – 31 Maart 2023). Ek gee hiermee toestemming dat my kind…

- ❑ …die graadkamp GAAN bywoon.
- ❑ …NIE die graadkamp kan bywoon NIE. Geldige verskoning moet per skrywe of epos aan die graadhoof gerig word.

Indien u toestemming gegee het dat u kind die graadkamp mag bywoon, dui asseblief enige spesiale dieetbehoeftes / kos allergie aan waarvan ons bewus moet wees.

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

Ouer / Voog se handtekening: _______________ Datum: ___________________

**Indien u kind die kamp gaan bywoon voltooi asseblief nou die ander vorms ook.**

HOËRSKOOL JAN VAN RIEBEECK
— WEES JOUSELF —
Kloofstraat 129, Tuine, Kaapstad | Tel: +27 21 423 6347 | Faks: +27 21 424 5520

**VERVOERREëLINGS**

Die onkoste vir busvervoer is nie deel van die R600-kampfooi nie. Die skool gaan die buskoste subsideer en wil kostes so laag moontlik hou. Ons moedig ouers / voogde aan om leerders ook self na die onderskeie kampterreine te vervoer en weer te gaan haal.

Noordhoek-kampterrein is ongeveer 35km vanaf die skool (eenrigting).

Leerders wat van ons daaglikse busroetes gebruik maak, sal Donderdagoggend skool toe kom en dan na hul onderskeie kampterreine vertrek. Dit geld ook vir Vrydag se terugkeer. Hul kom eers skool toe en vertrek dan van daar op hul eie onderskeie busroetes.

Ek ___________________________________ouer/voog van ___________________________

in graad _________ se kind gaan van die volgende vervoer vir my kind gebruik maak:

- ☐ Ry saam met ouer / voog na die kampterrein en terug.
- ☐ Ry met saamrygeleentheid na die kampterrein en terug. Meld asb. saam met wie die saamrygeleentheid is: ________________________________________
- ☐ Ry met skoolvervoer na die kampterrein en terug.
- ☐ ry met skoolvervoer na die kampterrein en saam met ouers terug.

Ouer / Voog se handtekening: _______________ Datum: ___________________

HOËRSKOOL JAN VAN RIEBEECK
— WEES JOUSELF —
Kloofstraat 129, Tuine, Kaapstad | Tel: +27 21 423 6347 | Faks: +27 21 424 5520

**<u>Die volgende lys is slegs 'n aanduiding van wat leerders alles moet inpak.</u>**
**(MERK alle items duidelik met die leerder se naam / voorletters en van.)**

*Algemeen:*

- Gemaklike klere (verkieslik ouer klere wat moontlik kan vuil word)
- Swembroek
- Slaapklere
- Reënbaadjie / warmbaadjies
- Tekkies en sokkies (gemaklik vir stap en klim wat kan nat word)
- Flits / kopliggie
- Sakgeld

*Beddegoed:*

- Paslaken
- Slaapsak / duvet
- Kussing



*Toiletware:*

- Seep en sjampoe
- Tandeborsel
- Handdoek
- Muskietafweerder
- Sonskerm
- Enige ander noodsaaklike roompies en middels
- Medikasie

*Eetgerei in 'n sakkie:*

- Nie-breekbare bord
- Beker en papbakkie
- Mes, vurk, tee- en eetlepel
- Jammerlappie en / sponsie en afdrooglap

*Potloodsakkie:*

- HB-potlood / pen
- Uitveër
- Skerpmaker
- Klein notaboekie

**Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir die verlies of beskadiging van enige eiendom nie. Leerders moet alle eletronika by die huis los en ouers sal deur die onderskeie graadgroepe vanaf die skool se Whatsapp-gemeenskappe op hoogte gehou word van enige belangrike inligting.**